

Sakkie Parsons E-Pos Bediening

Webtuiste. www.sakkieparsons.co.za

E-pos: sparsons@absamail.co.za

Sel: 083 457 6669

DIE VYEBOOM

Skrywer en Komponus: Sakkie Parsons

Ek het lank op 'n kerkraad gedien en ek het gesien hoe mense sogenaamd vir ons

Here werk maar eintlik doen van hulle dit wat hulle doen net vir hulself, om byvoorbeeld, deur die mense geëer te word.

Toe sien ek eendag iets in die verhaal van die verdorde vyeboom, wat my so aan-

gegryp het, dat ons Here my gehelp het en ek selfs 'n lied daarvoor geskryf het.

Laat ek gou met jou deel wat ons Here my laat sien het:

MRK 11:12-14 *Toe hulle die volgende dag uit Betanië vertrek, het Jesus honger geword.*

¹³*Toe Hy uit die verte 'n vyeboom met blare sien, het Hy daarheen gegaan om te kyk of Hy enige vye daaraan sou kry. Maar toe Hy by die boom kom, kry Hy niks meer as blare nie omdat dit nog te vroeg in die seisoen vir vye was.*

¹⁴*Hy spreek die boom toe aan: "Mag niemand ooit weer 'n vrug van jou eet nie!" Sy dissipels het gehoor wat Hy sê.*

Die eerste wat my hier getref het, is dit:

Dit lyk dan so of Jesus hier baie onregverdig optree, want daar staan dit op wit en swart -

MRK 11:13 *..Maar toe Hy by die boom kom, kry Hy niks meer as blare nie omdat dit nog te vroeg in die seisoen vir vye was.*

Jy sien, dit was juis die groot aanklag teen die vyeboom.

Dit was nie vye tyd nie maar die vyeboom het **verkondig**, deur al die blare wat hy aan hom gehad het.

"Dit is nie vye tyd nie maar ek is 'n besondere Vyeboom, ek het vye, ten spyte van die feit dat dit nie vye tyd is nie."

So gee baie mense voor dat hulle is wat hulle nie is nie.

Met ander woorde baie mense lewe 'n leuen en dit selfs in die kerk, ja selfs tot op die kerkraad en tot op die preekstoel.

Jesus soek egter nie bome met baie lower wat mooi vertoon nie. **Jesus soek bome wat vrugte dra.**

Wat meer is - Hy waarsku ons teen bome wat net 'n mooi vertoon van blare het. Hy sê, ons moet op die uitkyk wees vir sulke bome en dat sulke bome baie gevaarlik is.

MAT 7:15-16 *“Pas op vir die vals profete. Op die oog af lyk hulle soos onskuldige lammetjies, maar in werklikheid is hulle gulsige wolwe.*

Kom ek en jy doen wat God se Woord in hierdie verband vir ons sê.

MAT 3:8 *Bewys eerder deur julle voorbeeldige lewe dat julle werklik tot inkeer gekom het.*

'n Ouer vertaling stel dit so.

MAT 3:8 *Dra dan vrugte wat by die bekering pas.*

MAT 7:18-21 *“'n Gesonde boom kan nie slegte vrugte dra en 'n siek boom goeie vrugte nie.*

¹⁹*Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi.*

²⁰*So sal julle hierdie mense aan hulle vrugte uitken.*

²¹*Nie almal wat ewe vroom vir My 'Here, Here' sê, sal in God se koninkryk ingaan nie. **Wat die deurslag sal gee, is of hulle aan my hemelse Vader gehoorsaam was.**”*

Hier volg dan nou die lied wat ons Here my gegee het se woorde.

DIE VYE BOOM

Vers 1

Ek kyk in my gedagtes, ek sien 'n vye boom staan.

In 'n dorre semi woestyn streek en ek sien Jesus na hom toe gaan.

Sien jy ook in jou gedagtes en lyk die prentjie nie mooi.

'n Vye boom vol groen lower wat 'n baie mooi skaduwee gooi.

Vers 2

Ek sien Jesus by hom staan, Hy soek daar rond vir 'n vrug.

Maar wat sien ek nou daar gebeur, my Jesus trek Sy hand leeg terug.

Hy draai Hom om na die boom toe en sê “Boom vervloek is jy.

Want jy het so valslik verkondig, dat 'n mens hier 'n vyvrug kan kry.

Koor

Oordink dit my vriend, oordink dit,

Oordink dit, oordink dit.

Vers 3

Jy sê “Kyk ek is 'n Christen, God se Gees woon in my.

Wel in hierdie semi woestyn streek, kom God om by jou vrug te kry.

Hierdie woord is waaragtig, so my vriend luister tog mooi.

Jesus soek nie net lower, of 'n boom wat 'n skaduwee gooi.

Vers 4

Nee, Jesus kom ook by jou staan, Hy kom om vrugte te haal.

En as Hy eendag met Sy loon kom, kom Hy ook om ons te betaal.

Wat sal Hy dan vir my sê, wat my vriend dalk vir jou?

Mooi so want jy was warm, of vervloekte waarom was jy lou.

Koor

Oordink dit my vriend, oordink dit,

Oordink dit, oordink dit.

Groete,

Sakkie

E-pos: bediening@sakkieparsons.co.za

Webtuiste: www.sakkieparsons.co.za

Sel: 083 457 6669

Judas 1:24-25 „Aan Hom nou wat magtig is om julle van struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor Sy heerlijkheid te stel met gejuig, aan die alleenwyse God, ons Verlosser, kom toe heerlijkheid en majesteit, krag en mag, nou tot in alle ewigheid! Amen.”

Indien u hierdie e-pos lees en wel gereelde e-pos van my wil ontvang, stuur asseblief u volle e-pos adres in die "subject box" na: bediening@sakkieparsons.co.za#

Moet asseblief nie 'n leë e-pos stuur nie.#

Aangesien ek blind is en gebruik maak van 'n sagteware program waar die rekenaar met my praat, sal ek nie weet of dit 'n foto of leë e-pos is wat ek ontvang nie. In albei gevalle sal my rekenaar net stil bly.